

# CHEMIKALIEË

AfriForum

# Voorvalle met chemiese en gevaarlike materiaal

Gevaarlike materiaal kan plofstowwe, vlambare en brandbare stowwe, gifstowwe en radioaktiewe materiaal insluit. Chemiese middele is giftige dampe, aërosol, vloeistowwe en soliede stowwe wat 'n giftige uitwerking op mense, diere of plante het. Noodgevalle kan gedurende die produksie, berging, vervoer, gebruik of weggooi van gevaarlike materiaal gebeur. Jy is in gevaar wanneer chemiese stowwe in skadelike hoeveelhede onveilig gebruik of vrygestel word waar jy leef, werk of speel.

Tekens van 'n chemiese vrystelling sluit in moeilike asemhaling, branderige oë, verlies van koördinasie, naarheid of brand in die neus, keel en longe. Die teenwoordigheid van baie dooie insekte of voëls mag 'n vrystelling van chemiese middels aandui.

## Voor 'n voorval

- Bou 'n noodvoorraadstel en sluit buisband, skêre en plastiese dekmateriaal om deure, vensters en luggate te bedek in.
- Berei 'n familienoodplan voor.
- Weet hoe jou huis se ventilasiestelsel werk.
- Identifiseer 'n bogrondse vertrek waarin jy kan skuil met so min as moontlik openinge.
- Lees meer oor skuiling in plekke.

## Gedurende 'n voorval

Luister na plaaslike radio- en televisiestasies vir gedetailleerde inligting en volg die instruksies noukeurig. Onthou dat sommige giftige chemikalieë reukloos is. Instruksies kan verskil afhangende van die bedreiging en risiko van blootstelling. Soms is dit veiliger om binne-in jou huis skuiling te soek en ander kere kan dit veiliger wees om te ontruim.

## Indien jy beveel word om te ontruim:

- Doen dit onmiddellik.
- Probeer vinnig bepaal watter areas geraak word of waar die chemikalieë vandaan kom, indien moontlik, en kom onmiddellik weg.
- Indien die chemikalieë in jou gebou is, kom uit die gebou sonder om by die besmette area verby te loop, indien moontlik.
- Indien jy nie uit die gebou kan kom nie of skoon lug kan vind sonder om by die besmette area verby te loop nie, beweeg so ver as moontlik weg daarvan en skuil in die gebou.

## Indien jy beveel word om binne te bly:

- Bring jou troeteldiere na binne
- Soek skuiling in 'n kamer. Maak alle buitedeure en vensters toe en sluit dit. Maak luggate, die kaggelskuif en so veel as moontlik binnedeure toe. Seël die kamer met buisband en plastiese dekmateriaal.
- Skakel lugversorgers en ventilasiestelsels af of stel ventilasiestelsels op 100 persent hersirkulasie sodat lug van buite nie in die gebou ingetrek word nie.

- Seël gapings onder en rondom die volgende areas met nat handdoeke, plastiese dekmateriaal, buisband, waspapier of aluminiumfoelie:
    - Deuropeninge en vensters
    - Lugversorgingseenhede
    - Badkamer- en kombuissuigwaaiers
    - Stoof en droërontlugter
- Haal vlak asem deur 'n lap of handdoek indien gas of dampe in die gebou ingekom het.
- Vermy dit om enige kos of water te eet of drink wat besmet is.

## Indien buite wanneer 'n voorval geskied:

- Besluit vinnig wat die vinnigste manier is om by skoon lug uit te kom. Beweeg onmiddellik weg in 'n rigting windop van die bron.
- Indien in 'n motor, hou die motorvensters en luggate toe en skakel die lugversorger en verwarmer af.
- Vind die naaste gebou om in te skuil.

## Ná 'n voorval

- Moenie die veiligheid van 'n skuiling verlaat om gou na buite te gaan nie, insluitend om ander te help, tot die owerhede sê dit is veilig nie.
- Indien jy deur 'n chemiese middel aangetas is en mediese hulp is nie onmiddellik beskikbaar nie, is die beste opsie om jouself te ontsmet en ander te help om dit ook te doen, indien moontlik.

## Hoe om jouself te ontsmet:

- Verwyder alle klere en ander items wat in kontak met jou lyf was.
- Sny klere af wat normaalweg oor jou kop uitgetrek moet word om kontak met die oë, neus en mond te vermy.
- Plaas besmette klere en items in 'n plastiese sak en seël die sak.
- Verwyder bril en kontaklense. Plaas bril in 'n pan met huishoudelike bleikmiddel om te ontsmet, spoel af en maak droog.
- Was jou hande met seep en water. Indien jy iemand help om te ontsmet, was ná die tyd dadelik jou hande en ander ontblote vel.
- Spoel jou oë uit met water.
- Was jou gesig en hare saggies met seep en water voor jy dit deeglik met water afspoel.
- So gou as wat dit veilig is, gaan na 'n mediese fasiliteit vir sifting en professionele behandeling.

